

STELLENBERG-GEMEENTE

07 JUNIE 2020 | DS. RENE POTGIETER

TEKS : ROMEINE 8:12-17

TEMA: KINDERS VAN GOD

SEËNGROET

Genade en vrede van die Skepper-God *van alle sienlike en onsienlike dinge.*

Genade en vrede van die Here, Jesus Christus, *wat sit aan die regterhand van die Vader.*

Genade en vrede van die Heilige Gees, *wat ons Here en Lewendmaker is.*

Amen.

DRIE-EENHEID SONDAG

Dit is vandag die begin van Koninkrykstyding en die eerste Sondag in Koninkrykstyding staan bekend as Drie-eenheidsondag. Drie-eenheidsondag is in 1334 deur Pous Johannes XII in die kerklike jaar ingevoeg. Op hierdie Sondag gaan dit veral oor 'n sensitiwiteit vir die geheimenis van God. Die ewige God is nie so maklik verstaanbaar as wat ons dink nie. In gelowige kringe is ons soms familiêr en ordinêr in ons denke en omgang met God. Op Drie-eenheidsondag bevestig ons as Christene opnuut ons geloof in God as Vader, Seun en Heilige Gees. Triniteitsondag soos dit ook bekend staan, dui op die unieke Christelike verstaan van God wat deur sy teenwoordigheid die wêreld waarin Hy verskyn, deur sy misterieuse en uitdagende teenwoordigheid verander.

GEBED

God vir ons, ons noem U Vader,

God by ons, ons noem U Jesus,

God in ons, ons noem U Heilige Gees.

U is die ewige Geheimenis wat bemagtig, toevou, omarm, insluit,
en alles tot lewe wek, ook vir ons, ook vir my.

Ons woorde skiet ver tekort om u goedheid en grootsheid te omvat.

Ons kan slegs deur dit wat bestaan, sien hoe U is.

Maar dit is ook net gedeeltelik

Ons bid dat ons oë vir 'n volkome kyk geopen word.

Soos dit in die begin was, so ook nou, en tot in ewigheid.

SKRIFLESING

DIE BRIEF AAN DIE ROMEINE

Paulus skryf hierdie brief waarskynlik van Korinte af naby die einde van sy derde sendingreis, ongeveer in die jaar 57 v.C. tydens die drie maande wat hy in Griekeland deurgebring het. Die brief is gerig aan die gemeente in Rome, waarvan, hoewel hy nie by hulle stigting betrokke was nie, hy baie mense daar geken het.

Dit is duidelik dat die stryd rondom die inskakeling van Christene uit die heidense nasies nog hewig woed, hoewel hulle in die meerderheid was in die Romeinse huisgemeentes. Die vraag is steeds krities: moet gelowiges uit die heidennasies die wet nakom of nie? Vrae wat gevra word is o.a. moet hulle besny word moet hulle ook die wette rakende kosssoorte nakom, of nie?

Daarom skryf Paulus hierdie brief om die eenheid van alle gelowiges te beklemtoon. Hierdie eenheid is gebaseer op die krag van God, deur die geloof in Jesus Christus en die lewe deur die Gees. God spreek mense vry: "enkel en alleen omdat hulle glo" (Rom 1:17) en nie omdat hulle die wet nakom nie – 'n boodskap wat regdeur die eeue gelowiges aangegryp het: die wonder van God se genade aan sondaars.

- ROMEINE 8:12-17

KINDERMOMENT

BOODSKAP

INLEIDEND

Elke mens wil graag iewers behoort. Om te behoort is een van die mens se sterkste begeertes. Tydens die lockdown was die meeste mense se klagte dat hulle nie kontak mag gehad het met hulle families en vriende nie. Om te te behoort, wat in Engels bekend staan as 'belonging', verwys na 'n

menslike emosionele behoefte om te assosieer - en deur die lede van 'n groep aanvaar te word. Ek wil graag deel wees van 'n familie, by die werk wil ek deel voel van my kollegas, by die skool wil ons graag maats hê. Dit behels meer as om net ander mense te ken. Dit is eerder gemik op die verkryging van aanvaarding, aandag en ondersteuning by lede van die groep. Om te behoort skep vir ons 'n gevoel van geborgenheid en dit is waarna ons smag.

Hierdie selfde beginsel van behoort is ook deel van ons geestelike lewens. Vir God gaan dit oor verhoudings. Sy hele wese is verhouding-gesind. Ons ken Hom as Vader, Seun en Heilige Gees en hulle staan in verhouding as Drie-Eenheid. Die wonder is dat hierdie Drie-enige God ook met ons in 'n verhouding wil wees. Die wonder van die teks wat ons vanoggend saam gelees het is dat God ons verseker dat ons as kinders aan Hom behoort. Ons is deel van Sy familie. Paulus skryf hier aan die gemeente in Rome wat juis vrae gehad het daarvoor of gelowiges uit heidense nasies aan God se familie mag behoort. Hoe maak God ons deel van Sy familie?

1. Ons is slawe wat vrygekoop is uit die mag van die sonde
2. Ons is deur die Heilige Gees aangeneem tot kinders van God
3. As kinders van God is ons erfgename van God

ONS IS SLAWE WAT VRYGEKOOP IS UIT DIE MAG VAN DIE SONDE

As mense is ons vasgevang in 'n sondige natuur. Die mens is nie in staat om deur eie krag 'n einde te maak aan die sondige natuur nie. Dit gebeur allenig deur die verlossingswerk van Jesus te aanvaar. Hy het 'n duur prys aan die kruis vir ons sondeskuld betaal.

Daar word 'n verhaal vertel van twee Indiese seuns wat gevang is dat hulle gedobbel het. Die een was baie arm en die ander baie ryk. Hulle is tronk toe. Die ryk seun se pa het dadelik die boete betaal en hy is vrygelaat. Die arm seun se ma het dag en nag klere gemaak om die geld bymekaar te maak om haar seun uit die tronk te kry. Uiteindelik het sy dit na baie harde werk bymekaar gemaak en is haar seun vrygelaat. Die twee seuns het mekaar toe weer raakgeloop. Die ryk seun nooi die arm seun om weer saam met hom te dobbel. Die arm seun antwoord: "Jy kan dit doen, maar ek nie, want my vryheid het die bloed van my ma gekos."

Daarom word ons geroep om nie meer volgens hierdie sondige natuur te leef nie, want ons is duur gekoop soos ons lees in Romeine 8:12-13: "*Daarom dan staan ons onder 'n verpligting, maar nie teenoor ons sondige natuur om daarvolgens te lewe nie. As julle julle lewe deur die sondige natuur*

laat beheers, gaan julle die dood tegemoet, maar as julle deur die Gees 'n einde maak aan julle sondige praktyke, sal julle lewe.

ONS IS DEUR DIE HEILIGE GEES AANGENEEM TOT KINDERS VAN GOD

Ons lees in vers 16: "*Hierdie Gees getuig saam met ons gees dat ons kinders van God is*"

Dieselfde Griekse woord wat Jesus beskryf as God se kind, word ook gebruik om ons te beskryf as God se kinders. DIS hoe lief God ons het. Soos sy eie Seun. Wanneer God ons aanneem, word ons volledig Sy kinders. Ons is nie tweederangse kinders. Ons word God se eie kinders.

En as jy nou in Paulus se tyd hierdie brief gelees het, sou jy selfs nog beter as ons beseef het hoe ongewoon en wonderbaarlik hierdie aanneming is. Hoewel aanneming 'n algemene gebruik in Paulus se tyd was het Romeine nie vreemde kinders aangeneem nie. Kinders is gewoonlik uit die vriendekring of bekende kring aangeneem. Dit was totaal vreemd om slawe of selfs vrygemaakte slawe, aan te neem en waar ouers 'n wettige erfgenaam gehad het, sou hulle nie nog kinders aanneem nie.

Dit maak wat Paulus hier skryf so baie spesiaal. Terwyl God 'n Seun het, neem God nogtans ons wat slawe is aan tot kinders. Dis hoe vreemd, hoe verstommend en wonderbaarlik, ons aanneming is. Die God wat Skepper van die heelal is, neem jou aan as Sy kind. Vir jou, wat voorheen 'n slaaf van die sonde was. Hy koop jou vry en maak jou sy kind. Want dis hoe lief God ons het.

Calvyn het gevra: "*Met watter vertrouwe sou iemand God sy Vader kon noem? Wie sou so vermetel wees dat hy homself sou aanmatig dat hy kind van God is, indien ons nie in Christus tot kinders aangeneem is nie. Hoekom sê die Gees hierdie wonderlike dinge aan ons toe?*" Die Gees sê hierdie dinge aan ons toe omdat Christus die prys betaal het. "

Dit is die wonderlike boodskap vir ons vandag. Jy is vrygemaak deur die Here Jesus se bloed, jy word nou aangeneem as God se kind. Jy behoort aan God se familie. Paulus verkondig die goeie en hoopvolle nuus dat gelowiges kinders van God is. Alles wat aan Jesus die ware biologiese Seun van die huishouding behoort, behoort nou ook aan jou en my! Daarom kan ek en jy God nou Abba noem- dit was die Aramese woord waarmee die jong Joodse kind sy pa aangespreek het. Dit was die woord waarmee Jesus sy eie Vader aangespreek het en ons kan God ook Abba noem

AS KINDERS VAN GOD IS ONS ERFGENAME VAN GOD

Die derde aspek van die Gees se werksaamheid is dat die Gees ons verseker van ons erfenis as kinders van God. Daar was nog nooit en daar sal ook nie 'n erfenis wees wat hiermee kan vergelyk nie. Mot en roes kan dit nie verniel nie. Inbrekers kan dit nie steel nie. Ons kan dit nie op die aandelebeurs verloor nie. Dit kan nie onteien word nie.

Wat behels hierdie erfenis?

- Ons gaan vir ewig by God wees.
- Ons gaan volkome verander en soos Christus word.
- Ons gaan van alle pyn, dood en lyding verlos word.
- Ons gaan in God se heerlijkheid deel.

Ons lees daarvan in 1 Pet. 1:3-4 *Aan God, die Vader van ons Here Jesus Christus, kom al die lof toe! In sy groot ontferming het Hy ons die nuwe lewe geskenk deur die opstanding van Jesus Christus uit die dood. Nou het ons 'n lewende hoop op die onverganklike, onbesmette en onverwelklike erfenis wat in die hemel ook vir julle in bewaring gehou word.* "

Daar moet egter meer oor hierdie erfenis gesê word. Ons erfenis is tweeledig. As erfgename saam met Christus sal ons deel hê aan Sy heerlijkheid, Sy vrede en genade. Maar tweedens sal ons sal ook saam met Hom ly. Al is ons kinders van God en erfgename van Christus, leef ons steeds in die gebroke wêreld. Dit is hier waar Christus gely het en waar Christus se lyding in ons lewens voortgaan. Later in Romeine 8 noem Paulus konkrete voorbeelde van wat hierdie lyding inhou. Ons lees in Romeine 8:35-36: *Wie kan ons van die liefde van Christus skei? Lyding of benoudheid of vervolging, honger of naaktheid, gevaar of swaard? Daar staan immers geskrywe: "Dit is oor U dat die dood ons dag vir dag bedreig, dat ons soos slagskape behandel word."*

TEN SLOTTE

God is 'n verhoudingswese, 'n heilige "familie" van Vader, Seun en Heilige Gees. Die leer van die drie-eenheid dui aan dat God ons ingetrek het in 'n verhouding met God. God wil ons deel van Sy familie maak. Hy skep die mens in liefde om deel daarvan te wees! Efesiërs 1:5 sê: *"In sy liefde het Hy ons, volgens sy genadige beskikking, toe ook al daarvoor bestem om deur Jesus Christus sy kinders te wees."*

Mag jy dus vandag hoor dat jy deur Jesus deel van God se familie geword het. Jy is nie alleen nie. Jy behoort aan God en kan Hom Vader noem. AMEN

SLOTGEBED

O Heilige Gees van God, Kom na ons en beweeg tussen ons:

Kom as wind en reinig ons;

Kom as vuur en suiwer ons;

Kom as dou en verfris ons:

Oortuig en bekeer ons en wy ons hart en lewe aan U

Vir ons eie welsyn en tot u verheerliking. Ons vra dit in Jesus se Naam.